*Donderdag* **11 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 32**
**Fokusgedeelte: Psalm 32:1 (AFR53/83/2020)**
**Jubel oor die vergifnis wat God gee!**

Skuldbelydenis teenoor God verlig die las van skuld en bring innerlike vrede, want wie sy skuld bely en vergifnis ontvang, is ’n bevryde mens, soos die Psalmdigter dit uitdruk.

Om te swyg oor jou sonde, het negatiewe gevolge. Die Psalmdigter het geleer dat dit sy liggaam en gees uitgeteer het. Hoewel die verhouding tussen sonde en liggaamlike ellende nie altyd direk is nie, beskryf hy hoe die Here soms swaarkry toelaat om ons tot ’n skuldbesef te bring. Om te swyg oor sonde, put jou kragte uit en beskadig jou verhouding met God en jou naaste. Dit veroorsaak skuldgevoelens, vrees, verbittering en onsekerheid.

Die oplossing is om jou sonde openlik voor God te bely. Die bewussyn van God se genade, dat Hy betroubaar is en wil vergewe, moet elke skuldbelydenis voorafgaan. Psalm 32 begin daarom met die seëning van vergifnis. Ware skuldbelydenis behels erkenning van ons skuld, verantwoordelikheid en die begeerte om daarvan ontslae te raak. Dit veronderstel opregtheid en berou.

Egte skuldbelydenis aan ’n regverdige, maar ook liefdevolle, genadige God, is om te vra dat Hy ons behandel volgens sy wese en nie ons dade nie. God is getrou en vergewe ons sondes. Sy vergifnis is ’n daad van genade. Wanneer jy jou sonde bely, bedek die Here dit. Dit bring bevryding en herstel jou verhouding met God. Die vergifnis van God kom nie deur verdienste nie, maar alleen deur sy genade in Jesus Christus, wat die straf op ons sondes gedra het.

Voor ons nog ons skuld kan bely, is God se genade reeds daar en daarna stel Hy ons weer vry deur ons te vergewe, die sonde te bedek, dit uit te vee. Hierdie proses van vergifnis en herstel bring ware geluk en saligheid en is die rede om God te loof en prys. Genade op genade, daarom: *“Verbly julle in die Here en juig, regverdiges, jubel alle opregtes.”*

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)*